

Die Nuwe Deformasie en die beskouing oor die Nuwe Testament¹

Prof. GDS Smit

Inleiding

Tot relatief onlangs was ons kennis oor die leer van die Nuwe Deformasie geskoei op dit wat ons in die media hoor en in koerante se briewekolomme lees oor uitsprake wat gemaak word ten opsigte van die Bybel se gesag en inspirasie deur sekere Suid-Afrikaanse teoloë. Met die verskyning van Muller² se boek oor die Nuwe Hervorming vind ons 'n sinopsis van hoe die Nuwe Hervormers dink oor die Bybel. Van Wyk³ gee 'n goeie oorsig oor die publikasie van Muller. Van Wyk merk tereg op dat *“Wat dadelik opval as na die name van die outeurs gekyk word, is dat die teoloë onder hulle verbonde is aan teologiese fakulteite wat nie direk met predikantsopleiding verbind is nie (Unisa byvoorbeeld) en hulle ook nie aan kuratoria verantwoording verskuldig is nie. Hieruit mag natuurlik nie die konklusie getrek word dat daar nie groot simpatie van ander teoloë vir die standpunte van die Nuwe Hervorming bestaan nie, want in 'n baie groot mate hang die debat saam met die studieresultate van die Jesus-Seminaar en met die teologie van die Duitse Nuwe-Testamentikus, Rudolf Bultmann (1884-1976)”*⁴.

Uit die bostaande aanhaling word die verband getrek tussen die Nuwe Deformasie en die Jesus-seminaar. Hoewel Botha heftig reageer oor die sogenaamde “misleidende assosiasie” van die oningeligtes deur die Nuwe Hervormers met die Jesus-seminaar te verbind en hoewel hy ontken dat enige van die Nuwe Hervormers lede van die Jesus-seminaar is⁵, is daar duidelike raakpunte tussen die teologie van die Jesus-seminaar en die Nuwe Deformasie, veral dié van Rudolf Bultmann. Ek gaan slegs enkele raakpunte noem om die stelling te staaf:

- Bultmann gaan uit van die voorveronderstelling dat die Christendom uit 'n vooraf goed-ontwikkelde gnostisisme ontstaan het
- Bultmann ontken die moontlikheid van wonderwerke
- Onder invloed van Heidegger se eksistensialisme word die Nuwe Testament volgens Bultmann in terme van 'n mitologiese wêreldbeeld verklaar – engele, bese magte en Goddelike bemoeienis met die mens dien as mitologiese metafore van die stryd tussen goed en kwaad

¹ Referaat gelewer tydens die Teologiese dag van die AP Akademie, Januarie 2013

² Muller, P (red). 2002. *Die Nuwe Hervorming*. Pretoria:Protea.

³ Van Wyk, JH. 2003. *Die Nuwe Hervorming: verwagting of verydeling?* In: In die Skriflig 37(3), pp. 345-373.

⁴ Van Wyk, a.w. p. 347.

⁵ Botha, P. 2011. *DIE NUWE HERVORMING EN DIE JESUS SEMINAR*. Beskikbaar by: <http://nuwe-hervorming.co.za/artikels.php?ipkArticleID=139>.

- Geloof is vir Bultmann 'n abstrakte oer-teologiese begrip wat binne 'n moderne konteks bloot verstaan moet word as 'n erkenning van 'n hoër mag
- Volgens Bultmann word die kerk se verstaan van die Drie-eenheid deur die Griekse- en Latynse kerkvaders geformuleer en nie deur Jesus nie, na aanleiding van hulle verstaan van die Grieks-filosofiese “gode-seuns” metafore.

Bultmann word duidelik gehoor in die opmerking van Spangenberg as hy meld⁶: *“Die vraag oor die Drie-eenheid kan ons dus soos volg probeer beantwoord: Die idee van 'n Drie-eenheid...is 'n interpretasie en konstruksie van die Griekse en Latynse kerkvaders. Dis hoe hulle vir hulle tyd die geloof in Jesus verwoord en relevant probeer maak en behou het. Ek hou van die stelling dat die tradisionele dogmas slegs maar 'gekontekstualiseerde metafore' is. ... Wanneer ons met die begrip van panenteïsme werk ('God is in alles en alles is in God, maar God is ook meer as alles') kan ons sê dat God in Jesus teenwoordig was”.*

Om die Nuwe Deformasie se interpretasie van die Nuwe Testament te probeer saamvat is 'n ontsaglike taak omdat daar nêrens 'n teologie van die Nuwe Testament soos verstaan deur die Nuwe Deformasie te boek gestel is nie. Wat ons wel besit, is opmerkings wat gemaak word oor die gesag van die Skrif, oor die gesag van die grondtekste, oor die geboorte, wonderwerke, sterwe, opstanding en hemelvaart van Christus en die vroeë kerk se ontwikkeling van dogmas in dié verband.

Dit is alom bekend dat as jou Godsleer verander, jou wêreldbeeld verander. Een van die mees opvallende leerstellinge van die Nuwe Deformasie is dié van die panenteïsme. Muller meld dat die nuwe teologiese ontdekkingsreis wat die Nuwe Hervormers aangepak het, hulle hele wêreldbeeld kom verander het – hulle beskouing oor God, oor die ewigheid, oor verlossing, oor die mens en oor die aarde. Vervolgens skryf hy in Beeld⁷: *“As jou wêreldbeeld verander, verander alles”.* Van Wyk⁸ merk ook tereg op: *“die onderskeiding tussen 'n premoderne, moderne en postmoderne wêreldbeeld speel inderdaad in die Nuwe Hervorming 'n deurslaggewende rol”*⁹. Dit is dus duidelik dat die Godsbeeld van die Nuwe Deformasie voorsiening maak vir God in alles en alles in God – 'n heidense godsbegrip.

⁶ Spangenberg, I. 2010. *DIE DRIE-EENHEID IN 'N ANDER BAADJIE*. Besikbaar by: <http://nuwe-hervorming.co.za/artikels.php?ipkArticleID=41>.

⁷ Beeld, 10 Maart 2002, p. 12.

⁸ Van Wyk, a.w. p. 349.

⁹ Verwys ook na Muller, a.w. p. 70-79

Dit is nie moontlik om in een referaat op al die aspekte van die Nuwe Deformasie se verstaan van die Nuwe Testament of die Christologie van die Nuwe Testament in te gaan nie. Ek gaan my dus beperk tot 3 sake, naamlik die verwerping van

- a) die historisiteit/normatiewiteit van die Nuwe Testament,
- b) die Christologie
- c) die opstanding

Die historisiteit/normatiewiteit van die Nuwe Testament

Die Nuwe Testament leer ons wat ons weet van Jesus Christus se aardse lewe. Dit beteken nie dat die buite-Bybelse geskryfte swyg oor Hom nie. Daar word in talle heidense-, Joodse- en Christelike bronne van Hom melding gemaak. Die Joodse geskiedskrywer, Josephus, is waarskynlik die mees interessante bron buite die Nuwe Testament. Die historiese figure soos Pontius Pilatus, Herodus, Johannes die Doper, Jesus en sy broer Jakobus word onder meer deur Josephus bespreek. Die werk van Josephus lewer getuie van die lewe van Jesus Christus, maar bied nie meer as wat ons in die Nuwe Testament vind nie. Die vraag is dus: hoe betroubaar is die Nuwe Testament?

Die Nuwe Deformasie bevraagteken die outentieke aard en betroubaarheid van die Nuwe-Testamentiese geskryfte. Daarteenoor toon Craig¹⁰, Bloomberg¹¹ en Bruce¹² onderskeidelik die volgende belangrike sake in dié verband aan:

Bruce noem: ons het meer vroeë manuskripte van die Evangelies as van enige ander antieke geskrif. Die teks van boeke soos 'Die Annale van Rome' deur Tachitus is byvoorbeeld in 113nC geskryf. Hiervoor het ons 2 manuskripte wat ongeveer uit 850nC dateer. Vir die 'Joodse Oorlog' van Josephus het ons 9 manuskripte wat uit ongeveer die 11de en 12de eeu dateer. Die antieke dokument naas die Nuwe Testament waarvan ons die meeste Griekse manuskripte het is die Illiad van Homerus. Hiervoor het ons 650 manuskripte waarvan die meeste meer as 1000 jaar nadat die Illiad geskryf is dateer. Vir die Nuwe Testament het ons ongeveer 5000 antieke Griekse manuskripte waarvan die oudste fragmente uit Johannes op Papyrus is (die Rylands papyrus) en gedateer word teen 140 nC, dit is minder as 'n 100 jaar sedert die Evangelies geskryf is. As ons dieselfde tydsverloop (en vertalings) toelaat as vir die ander geskryfte wat genoem is (ongeveer 800-1000 jaar) kan ons verwys na 26000 manuskripte van die Nuwe Testament in 'n groot verskeidenheid tale.

¹⁰ Craig, W.L. (s.a.). *The evidence for Jesus*. Besikbaar by: <http://www.reasonablefaith.org/the-evidence-for-jesus>.

¹¹ Bloomberg, C. 1987. *The Historical reliability of the Gospel*. IVP:Downers Grove

¹² Bruce, F.F. 1960. *The New Testament documents – are they reliable?* Eerdmans: Grand Rapids.

Craig¹³ meld die volgende argumente ten opsigte van die betroubaarheid van die Nuwe-Testamentiese geskiedenis:

Die tydsverloop tussen die gebeure in die Nuwe Testament en die opskrifstelling daarvan was nie genoegsaam vir die ontwikkeling van legendes nie. Legendes neem gewoonlik dekades, selfs eeue, om te ontwikkel, bv. Koning Arthur. Die persone wat Jesus gesien en saam met Hom geleef het, was meeste steeds lewend toe die Nuwe Testament op skrif gestel is¹⁴. Die betroubaarheid van die historiese feite kon dus gekontroleer word deur mense wat die gebeure self beleef het. Veral sy teenstanders sou graag die betroubaarheid wou weerlê en tog is daar geen bewyse daarvoor nie. Volgens Craig sou die argument aangevoer kon word dat die vroeë kerk alle dokumente vernietig het wat in stryd was met die suiwer leer, vandaar die afwesigheid van getuienis teen dié van die Nuwe Testament. Die Kaïro-Geniza fragmente asook die Oxyrhynchus-papiri het egter behoue gebly terwyl dit die leer van die Gnostici verkondig. Die argument van die vernietiging van dokumente met dwaalleer as inhoud gaan dus nie op nie. Verder kan die betroubaarheid van die Nuwe Testament bevestig word in die feit dat die Nuwe Testament handel oor 'n Persoon wat geleef het en waarvan daar ook melding gemaak word in heidene se geskiedenisboeke. Legendes handel gewoonlik oor persone van wie weinig historiese feite beskikbaar is. Die Christene se oordrag van heilige geskiedenis was geskoei op dié van die Rabbyne, wat deur die eeue heen as uiters betroubare en konsekwente geskiedskrywing aanvaar word. Hierdie bogenoemde punte is maar enkele bewyse vir die betroubaarheid van die Nuwe-Testamentiese geskiedskrywing.

Die betroubaarheid van die Nuwe Testament word in elk geval nie deur teoloë of selfs die kerk bepaal nie. Ons vind nie in die Nuwe Testament dieselfde uitsprake as dié wat betrekking het op die Ou-Testamentiese profete, soos "*die Woord van die Here het gekom tot...*" nie. Desnieteenstaande word die Goddelike gesag in die boeke van die Nuwe Testament tog geïmpliseer. Ons merk, byvoorbeeld, dat die apostels nie alleen vir hul gesproke woord, maar ook vir hul geskrewe woord Goddelike gesag opeis (2 Thes. 2:15; 3:14; 1 Thes. 5:27). Paulus verklaar in 1 Kor. 2:14 dat dit wat hy spreek, hy deur die Heilige Gees doen. Petrus praat van die evangelie wat hy verkondig het as iets wat geskied het "in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is" (1 Pet. 1:12)¹⁵. Petrus het die gesag wat

¹³ Craig (a.w.), p. 16.

¹⁴ 1 Johannes 1:1

¹⁵ Vergelyk in hierdie verband ook 2 Kor. 5:20 en 13:3.

Paulus se briewe gehad het erken en skriftelik bevestig (2 Pet. 3:15 en 16). Die Pauliniese geskrifte (en dit sou ook geld vir ander Nuwe-Testamentiese boeke) het nie net gegeld vir die gemeentes aan wie dit adresseer is nie, maar is ook bindend gemaak op ander gemeentes (Kol. 4:16; 1 Thes. 5:27). In Ef. 2:20 word die apostels op gelyke vlak met die Ou-Testamentiese profete gestel waar dit sê dat die kerk “gebou is op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is”. As die geskrifte van die Ou-Testamentiese profete kanoniek is, dan ook dié van die apostels in die Nuwe-Testamentiese bedeling. Daar moet ook op gelet word dat die Nuwe Testamentiese skrywers (en dit geld ook vir die van die Ou Testament) wat van goddelike gesag in hulle geskrifte getuig, persone was wat ooggetuie was van dinge wat gesê en gebeur het. Hulle was persone van hoë integriteit en is derhalwe as betroubare getuies beskou. Hulle was boonop bereid om hulle getuienis deur lyding heen en selfs met die marteldood te bevestig. Wie sou bereid wees om sy lewe te gee vir ‘n leuen?

Die normatiwiteit van die Nuwe Testament word ook nie deur die apostels bepaal nie. Die wese van die normatiwiteit van die Nuwe Testament word bepaal deur die persoon van Jesus Christus, die Here. Die Nuwe Testament is kanon slegs omdat Jesus Christus kanon is. Christus is die *principium canonicitatis* van die Nuwe Testament. In Jesus het God volgens die Nuwe Testament sy finale woord gespreek.

Dat Jesus Christus die hart en wese van alle Nuwe-Testamentiese kanonisiteit vorm, word uit die Nuwe Testament self aangetoon. Die Nuwe Testament toon self aan dat Christus vir die eerste keer Christene die unieke, gesagvolle, normatiewe openbaring van God was. In die verband word in die proloog van die Johannes-evangelie die oortuiging dat Jesus Christus die outentieke openbaring van God is op klassieke wyse geformuleer. Jesus is die *Logos* (Joh. 1:1-4). *Logos* gee uitdrukking daaraan dat Hy in sy persoon en werk dié openbaring van God was¹⁶.

Christologie

Die deformiste put hulle kennis oor die lewe en werke van Christus hoofsaaklik uit die buite-Bybelse bronne, veral die “evangelie van Thomas”. In hierdie pseudepigraaf word die wonderwerke van Jesus op ‘n magiese- en mitologiese wyse gelykgestel met die mites van die heidene van die antieke wêreld. So word die historiese Jesus vir hulle ‘n magiese wonderwerker of ‘n verdwaalde geestesversteurde.

¹⁶ vgl. v. 18.

Daarteenoor kan dit vir die kerk nie draaglik wees om meer te sê oor die lewe en werke van Jesus as dit wat in die Skrif vir ons opgeteken is nie. Dit is ook nie moontlik om oor die historisiteit van Christus se aardse bediening te handel, as die historisiteit van die Nuwe-Testamentiese evangeliebeskrywings nie aanvaar word nie. Om dié rede vind ons in die skrywes van die Nuwe Deformasie 'n felle aanslag teen die betroubaarheid van die evangeliebeskrywings.

Van Wyk¹⁷ merk op: *“Dit val op dat die Nuwe Hervorming byna deurgaans van Jesus praat en wegstrem van die woord Christus (en Here), hoewel hulle tog ook weer van “Christene”, van “Christelike geloof” en van die “Christendom” praat”.*

Ons vind een van die belangrikste twispunte van die Nuwe Deformasie in hulle beskouing van die Christologie. Die Christologie moet vir hulle ontmitologiseer word. Hierin vind hulle ook noue aansluiting by die teologie van Rudolf Bultmann en die Jesus-seminaar. Volgens van Wyk¹⁸ word *“feitlik elke aspek van die Christologie en verlossingsleer ... geherinterpreteer: die inkarnasie, die wonders, die kruisdood (as soenoffer) en die opstanding”.*

Volgens Hansie Wolmarans, aangehaal deur Muller¹⁹ is *“die uitdaging ... om hierdie verhale as mites te verstaan en akkuraat oor die betekenis daarvan te praat”.*

Craffert²⁰ meen die *“tradisionele siening van verlossing is nie die beste manier om die Christelike tradisie te verwoord nie”.*

Volgens Muller²¹ word Christus as Kurios deur die apostels geskep, terwyl Hy nooit self die bedoeling gehad het om as Kurios verkondig te word nie.

Ek gaan kortliks 'n paar argumente aanvoer waarom hierdie stelling nie aanvaar kan word nie.

Kyk ons na twee plekke in Handeling 2 waar die Kurios-titel gebruik word, naamlik 2:36 en 10:36 word die teendeel van Muller se argument bevestig. Handeling 2 begin met 'n aanhaling uit Joël 2:28-32, waar voorspel word dat God sy Gees in die laaste dae sal uitstort. In daardie dag sal elkeen wat die Naam van die Here aanroep, gered word (2:21). In die betoog wat volg, gaan dit meer oor die Here (Kurios) as oor die Gees. Die Here is Jesus,

¹⁷ Van Wyk (a.w.), p. 358

¹⁸ Van Wyk (a.w.), p. 353-354.

¹⁹ Muller (a.w.), p. 212

²⁰ Craffert in Beeld, 19 Augustus 2002, p. 5.

²¹ Muller (a.w.), p. 353-354

of Jesus is die Here, en gevolglik is dit hy wat die Heilige Gees uitgestort het (2:33). Die sleutel vir die verstaan van die toespraak is: Jesus is die Kurios. Die verwysing na 2 Sam. 7:12 vv. wat aan Dawid 'n afstammeling beloof wie se koningskap standhou tot in ewigheid, is beskou as betrekking te hê op die Messias, die beloofde Koning in die linie van Dawid. En dit is Jesus wat die profesie vervul. Verder word verwag dat Jesus moes opstaan uit die dood omdat Hy die Messias is.

Tweedens gaan Petrus verder en word gemeld dat die opstanding van Jesus sy hoogtepunt bereik het in sy verhoging aan die regterhand van God. Hier word verwys na Ps. 110:1, en aangesien nie Dawid of 'n Judese koning opgevaar het nie, kan dit nie op 'n mens van toepassing wees nie. Dit moes dus hier gaan om die Messias wat deur sy verhoging die Kurios (die Here) word, wat saam met God universele heerskappy uitoefen. Die doel van Petrus se toespraak is om te toon dat Jesus die Here (die Kurios) in die profesie van Joël is.

Gevolglik is Hy die Een deur wie 'n mens gered word. Dit word ook duidelik uit die reaksie van die skare wat klaarblyklik besef het dat hulle die Messias en die Here om die lewe gebring het. Aan hulle word gesê dat hulle hulle moet bekeer en hulle laat doop in die Naam van Jesus. Gehoorzaamheid hieraan sal aan hulle vergifnis van sonde gee en die Gawe van die Heilige Gees, wat alreeds op die dissipels uitgestort is.

In albei bogenoemde gevalle kom die gawe van Hom; vergifnis kom deur skuldbelydenis en die doop in sy Naam, en dit is Hy wat die Heilige Gees uitstort (Hand. 2:33).

In die tweede voorbeeld van die gebruik van Kurios in Handelingte vind ons Petrus se toespraak by Kornelius (Hand. 10:34 vv).

Die tweede keer dat die Kurios-titel vir Christus gebruik word in die toesprake is in 10:36, waar Petrus van Jesus sê: "Hierdie Jesus is Here, Kurios, oor alles en almal". Petrus sê aan Kornelius dat hy nou eers begryp dat God nie onderskeid maak nie, maar uit enige volk die mense aanneem wat Hom vereer en doen wat reg is. Sy hoorders weet dat God aan die volk Israel sy woord gestuur het, naamlik die evangelie van vrede wat Jesus Christus gebring het. Dan volg die woorde: "Hierdie Jesus is Here, Kurios, oor alles en almal". Die verlossing is dus nie beperk tot Israel nie, hoewel hulle bevoorreg was om "evangelie van vrede" te ontvang. Die evangelie kan ook aan Kornelius gebring word op grond van Jesus se posisie as universele Heilsmiddelaar. Petrus gaan verder om in vers 42 daarop te wys dat Christus aan hulle, die dissipels, opdrag gegee het om aan die volk te verkondig en te bevestig dat dit Hy is wat deur God aangestel is Regter oor lewendes en dooies. Van Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergewing van sondes deur sy Naam sal ontvang.

Jesus Christus noem God sy Vader in 106 plekke in Johannes en Hy praat van “My Vader” 24 keer. Dit is duidelik dat Jesus se Seunskap die sentrale Christologiese idee is in Johannes. Johannes skryf dat mense kan glo dat Jesus die Messias is, en meer nog, Hy is die Seun van God (20:31).

In sy proloog verkondig Johannes “ons het sy heerlijkheid aanskou, ‘n heerlijkheid soos van die Eniggebore Seun van die Vader”. Johannes die Doper bely dat Jesus die Seun van God is (3:16,18, 1:18 en 15). In elk geval beklemtoon Johannes die feit dat Jesus die enigste in sy soort is. Ander mag seuns van God word, maar Jesus is ‘n Seun wat anders is as al die ander (vgl. 20:17).

Die apostels kom nie met die bo-natuurlike geboorte van Christus nie, maar Christus maak daarop aanspraak dat Hy deur die Vader gestuur is. En dikwels word van God gepraat as die Een wat vir Jesus gestuur het. Christus se hele optrede word beheers deur die bewussyn dat Hy van God gestuur is. Bogenoemde veral met betrekking tot sy werke – sy werke is Goddelike werke, God self se werke (Joh. 5:17). Die Jode verwyt Hom dat Hy Hom self aan God gelykstel (Joh. 5:18,19). Christus se werke kom van die Vader af (10:32); trouens dit is die Vader wat in Jesus woon, wat die werke doen (14:10).

Dit is duidelik dat Christus self sy woorde as woorde van God beskou. Jesus verkondig aan die wêreld wat Hy van die Vader gehoor het (Joh. 8:26), en wat Hy van die Vader geleer het (8:28). Die waarheid wat Hy uitspreek, het Hy van God gehoor (Joh. 8:40), en Jesus se woorde is nie sy eie nie, maar die woorde van die Vader wat Hom gestuur het (Joh. 14:24).

In sy Goddelike sending het die Seun as belangrike taak om te vervul om lewe aan die mense mee te deel. Die Seun het dieselfde krag om lewe te skenk as die Vader (Joh. 5:21). Soos die Vader lewe in Homself het, het Hy aan die Seun dit geskenk om ook lewe in Homself te hê (5:26). Daarom dat geloof in Jesus as die Seun van God meebring dat besit van die ewige lewe (Joh. 3:35, 6:40,47 10:10). Jesus kan ook sê: “Ek is die opstanding en die lewe” (Joh. 11:25). Hy het die mag oor alle vlees om die ewige lewe te gee aan wie ookal die Vader dit wil gee (Joh. 17:2).

In teenstelling met die deformiste se hipotese dat die Nuwe-Testamentiese Christologie uit die gemeenteteologie of die mitologiese Jesus-opvatting van die apostels geëvolueer het, eien Christus Homself die reg toe om die weg, die waarheid en die lewe te wees, dit wil sê niemand kan na die Vader kom behalwe deur Hom as persoon nie (Joh. 14:6-7).

Christus leer Hy moet nie net die ewige lewe gee aan elkeen wat glo nie, maar Hy moet ook oordeel uitspreek oor die wat Hom verwerp, en as regter neem Hy die plek van God self in (5:22-23).

Ten spyte van die deformiste se opvatting oor “die tragiese dood van Jesus”, is Christus ten volle bewus van die einddoel van sy sending, nl. dat dit sy dood beteken. Die klem op die verheffing van die Seun, sy verhoging, die “uur wat sal kom” (Joh. 2:4, 12:23,27, 13:1, 17:1) tesame met duidelike uitsprake oor sy sterwe, wys daarop dat sy dood ‘n belangrike klimaks van sy aardse loopbaan sou wees (Joh. 10:11,15). Sy dood was nie ‘n toevallige gebeure in die mens se geskiedenis nie, ‘n tragiese misdaad teen ‘n onskuldige nie, maar dit was ‘n gebeure waarvoor Christus volle beheer gehad het en dit was ‘n doelbewuste handeling (Joh. 10:18).

Die opstanding

Van Eck²² verwys na Lüdemann se historiese ondersoek van die tekste van die Nuwe Testament wat handel oor die dood, begrafnis en opstanding van Jesus Christus. Lüdemann kom tot die volgende gevolgtrekking oor die opstanding van Christus: “[W]e can no longer understand the resurrection of Jesus in a literal sense ... for historically speaking we do not know the slightest thing about the tomb (was it empty? was it an individual tomb at all?) and about the fate of Jesus’ corpse: did it decay?”. Dit is nie uit die artikel van van Eck duidelik of hy self sentimenteel is oor die gevolgtrekking van Lüdemann nie, maar een saak is seker en dit is dat die opstanding van Christus nie eenvoudig aanvaar word as ‘n historiese feit deur Skrifkritici nie.

Lüdemann verwys na 1 Korintiërs 15:3-8 en verklaar die verskynings van Jesus aan sy dissipels in terme van die diepte-psigologie oor rou. Hy meen dat Petrus (as gevolg van sy verloëning van Jesus) ervaringe van skuld en verlies beleef het. Nie lank na Jesus se dood het Petrus egter weer Jesus se woorde van vergiffenis “gehoor”, en so het hy Jesus “gesien”:

Volgens Lüdemann moet die verskyning van Jesus aan die vyfhonderd vanuit die perspektief van massa-psigologie verstaan word: dit was ‘n historiese gebeurtenis in die sin van massa-ekstase. Petrus en die ander apostels het Jesus “gesien” in die diepte-psigologie van rou en droefheid en in hulle prediking “sien” die vyfhonderd gevolglik ook vir Jesus.

²² Van Eck, E. 2004. Die opstanding van Jesus Christus as historiese gebeure. HTS 60(3), pp. 1173-1200.

Johannes 20:25-29 sê dat die dissipels Jesus letterlik gesien het. Hy het hulle genooi om hulle hande in sy wonde te steek en seker te maak dat Hy nie in 'n skynliggaam of in hallusinasie aan hulle verskyn nie. Die verskyning aan die 500 in vers 6 kon nie 'n spookagtige verskyning gewees het nie. Hulle ervaar Hom as 'n letterlike persoon.

Volgens 1 Kor. 15:12-18 vorm die opstanding die hart van die Evangelie. Daarsonder is die evangelie nutteloos en betekenisloos (1 Kor. 15:16-17 – “Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos...”).

In 1 Johannes 1:1 getuig Johannes nie onder invloed van massas en in 'n vervoering van 'n hallusinasie nie; ook nie dae na die kruisiging sodat beweer sou kon word dat hy in 'n toestand van rou en droefheid getuig nie, maar jare daarna, dat ons (dit is die dissipels) Hom aanskou het en met ons hande getas het.

Deur die opstanding te ontken word die integriteit van die apostels nie alleen bevraagteken nie, maar sou die Nuwe Testament as produk van die “oor- en ooggetuies” (organiese inspirasieleer) en die teopneustie (die inspirasie van die Heilige Gees) as vervalsings aanvaar moet word. Wie sou bereid wees om vir so 'n leuen sy/haar lewe te gee?

Deur die opstanding te ontken word die saligmakende geloof verloën en die kern van die evangelie leweloos gelaat. Van Wyk merk op: “*Die Nuwe Hervorming ruk daarom die hart van die evangelie uit, nie net omdat dit die letterlike, fisiese opstanding van Christus ontken nie, maar omdat die Skrif vir hulle geen inherente normatiewe krag het nie, maar moet buig voor die dekonstruktiewe en relativerende krag van die postmoderne hermeneutiek*”.

Slotopmerkings:

Die Liberalisme in die Teologie

“*The Red Coats stole your taxes but the 'no-coat Hippies' have stolen your soul*”. Hierdie aanhaling van Peter Jones in “Pagan Spirituality²³” vertel die storie van die invloed van liberalisme op die samelewing in die VSA die afgelope generasie. Hierdie invloed het oorgespoel na die kerk. Ons moet besef: liberalisme dra vrug – wrange vrugte van 'n geestelike soeke na die “verlore tuin van Eden” in die mens self.

²³ Jones, P. 2006. *Pagan Spirituality*. Beskikbaar by: <http://www.worldviewweekend.com:81/worldview-times/print.php?&ArticleID=1301>.

Die liberalisme voer 'n revolusionêre stryd ter wille van vernuwing. Geen revolusie kan slaag as die ou regime nie plek gemaak het vir 'n nuwe nie. Die liberale revolusie gaan nie gepaard met skote en openbare oproer nie, want die liberale revolusie word op ideologiese en teologiese slagvelde gevoer. Mense se idees moet verander word en die beste manier om dit reg te kry is om die opvoedkundige stelsels te beheer, die politieke arena te manipuleer en die openbare media te liberaliseer. Hulle kry dit die beste reg deur die kansel te relativer. Daarna is die grond voorberei vir die ware revolusie...

Die laaste paar dekades het ons 'n totaal nuwe manier hoe mense na die kerk kyk. Mense draai die rug op die kerk in groot getalle. By begrafnisse en troues staan mens verstom oor hoe min mense nog die kerklike liedere ken en kan saamsing – 'n bewys van baie se houding ten opsigte van die kerk as instelling. “Georganiseerde” godsdiens en belydenisse is uit; persoonlike ervarings en 'n soeke na spiritualiteit in jouself is in. Godsdienstige instellings word vervang met godsdienstige belewenisse. In die plek van die outydse godsdiens van die vorige geslagte, is daar vandag 'n spesiale aanbod op 'n nuwe godsdiens – met 'n nuwe manier om na God, die mens en die natuur te kyk.

Baie hoofstroom kerke het 'n natuurlike aanpassing gemaak by dié nuwe manier van dink deur die rol van kerklike belydenisse en kerklike dissipline af te water en op te gaan in 'n ekumeniese strewe na eenheid – vir sommige die enigste manier hoe die kerk sal kan oorleef in die globale wêreld van die liberalisme.

Die leer van die Bybel begin met die skepping van alles deur God. Die leer van die liberalisme begin met 'n nuwe skeppingsverhaal: evolusie. Aan die spits van die evolusionêre proses staan die mens. Evolusie leer dat, soos die mens geëvolueer het, het hy taal geskep, daarna simbole, daarna skryfstelsels en uiteindelik het hy godsdiens ontwerp om sin te gee aan alles wat vir die mens onverstaanbaar is. God is dus maar niks anders as 'n skepping van die mens nie en Hy lewe maar net in die gedagte van dié wat Hom wil laat lewe. Volgens Geering²⁴ staan die Christendom by sy eie graf: *“The end of Christianity is so evident that some future generation may well be moved to discard the Christian calendar entirely, and rename the year 2000 AD as 1 GE, the first year of the global era. Soon the Lord's Supper will only signify human fellowship, and Christmas will be a holiday for the celebration of family”.*

Ons word gekonfronteer met 'n magtige heidense- en gnostiese filosofie met teologie as doopsousie. Hierdie filosofie maak daarop aanspraak dat hy nuut, objektief en wetenskaplik

²⁴ Lloyd Geering, *The World to Come: From Christian Past to Global Future* (Polebridge Press, 1999), p. 130.

is, maar is in werklikheid so oud soos die mens self. Ons moet bedag wees daarop dat die liberalisme reeds baie slagoffers op die ideologiese- en teologiese slagveld in Suid-Afrika gelos het.

Ons sal as kerkverband, as leraars, as kerkrade en uiteindelik ook as individuele lidmate, die saak vir onself moet uitmaak of ons genoeg van hierdie stryd weet om daarteen te stry? Johannes van Oort, professor in Teologie by die Universiteit van Utrecht, Nederland, het gewaarsku dat die heidense gnostiese filosofie van die liberalisme op een-of-ander manier die sekulêre geloof in die nuwe millennium gaan beïnvloed. Ten einde die kerk teen die aanslag van die liberalisme te bewaar en om toegerus te wees om hierdie aanslag af te weer, beveel hy aan dat die kerk die liberalisme nie maar net as 'n kritiese fase in die samelewing moet beskou (iets soos groeipyne van die moderne mens) nie, maar as heidense filosofie wat ten doel het om 'n revolusie van verandering te bewerk. Hierdie revolusie is spesifiek teen die drie-enige God, teen die Bybel en teen die kerk gemik.